Die Winsbees
The Profit Breed

PRESIDENTSVERSLAG
2010/2011

WWW.DRAKENSBERGER.CO.ZA

Inhoudsopgawe

1. Inleiding 3
2. Kantoor en personeel 3
3. Lede 3
3.1. Stand van lede-getalle 4
3.2. Prestasies van lede 5
3.3. Klubs 5
4. Raad en dagbestuur 5
4.1. SA Stamboek Bedryfsplan 6
4.2. Finansiële komitee 6
4.3. Reklamekomitee 6
4.4. Tegniese komitee 7
4.5. Streeksindeling 7
5. Keurders en keurings 7
6. Veekundiges en veeartse 8
7. Veilingsresultate 9
8. Beskermhere en beoordelaars 2010/2011 9
9. Veedata en prestasies 10
9.1. Veegetalle 10
9.2. Verspreiding van vee 10
9.3. Vergelykende syfers 10
9.4. Reproduksie statistieke 11
9.5. Toekennings (algemeen) 11
9.6. Preferentskaptoekennings 2010 12
9.7. Beste Produserende Koeie 2011 13
10. LNR Jaarverslag (2010) 14
11. Bedankings 15

Lys van tabelle

Tabel 1: Stand van Lede 4
Tabel 2: LNR Vleisbeesverbeteringskudde van die Jaar Finaliste. 5
Tabel 3: Keuringstoere. 7
Tabel 4: Spesiale Keurings. 8
Tabel 5: Veilingresultate. 9
Tabel 6: Beskermhere en beoordelaars 2010/2011. 9
Tabel 7: Veegetalle. 10
Tabel 8: Verspreiding van vee. 10
Tabel 10: Aantal koeie (vergelykende syfers). 10
Tabel 11: TKP (vergelykende syfers). 10
Tabel 9: Kuddes met TKP van 400 dae en onder. 11
Tabel 12: Preferentskaptoekennings 2010. 12
Tabel 13: Beste Produserende Koeie 2011. 13
Tabel 14: LNR Jaarverslag statistieke (April 2011). 14

1. Inleiding

Hiermee 'n verslag rakende die doen en late van die Raad en die Genootskap ten opsigte van die jaar 2010-2011.

Sektore van die Landbou-ekonomie wat ons positief beïnvloed het, is hoër graanpryse en `n stewige styging in vleispryse. Speenkalfpryse het ongekende hoogtes bereik.

Op politieke gebied maak die ANC Jeugliga se leiers verskeie omstrede uitlatings ten opsigte van grondvergrype, nasionalisering van bates soos myne en bankgroepe en lewer kritiek teenoor die ANC, Botswana en Swaziland. Swak leierskap van die ANC-regering is `n werklikheid. Die Ministerie van Landbou was`n stille stem.

Mynboubedrywighede, minagting van die omgewing en plaasaanvalle bly `n groot bekommernis. Ander negatiewe faktore sluit in verhoogde kragtariewe, verswakte infrastruktuur, swak dienslewering, korrupsie en die aanblaas van rassehaat.

Hierdie jaar was weer eens gevul met vele aktiwiteite. Opofferings is deur baie van ons lede gedoen om ons ras te promoveer, te verbeter en uit te brei. Positiewe betrokkenheid van baie lede is ervaar, veral vanaf buite die Raad.

Die Drakensberger as beesras met sy unieke vermoë om as veld- en voerkraalbees te presteer het sy plek in die mark deeglik volgestaan. Drakensberger kalwers was oral in aanvraag. Ons kan tans nie in die aanvraag na Drakensberger vroulike diere voorsien nie. Die Drakensberger koei as moederlyn en die aanpasbaarheid van die ras moet meer aandag kry. Ek doen`n beroep op alle telers om, waar moontlik, speenverse te behou en waarde toe te voeg deur die verse dragtig te maak en dan aan te bied. Ons kan tans nie in die aanvraag voorsien nie.

Spesiale melding ten opsigte van die reklame van ons Ras moet gemaak word. Baie dankie aan dr. Johann Fourie. Uitstekende werk is gedoen en kan gesien word in die lewendige belangstelling in ons beeste asook die styging in getalle.

2. Kantoor en personeel

Baie dankie aan me. Stienie Steenkamp wat ons kantoor weer eens vanjaar uiters professioneel bestuur het. Sy het ook ons finansies uitstekend hanteer. 'n Verdere woord van dank aan Johanna Mlambo vir haar dienste in die kantoor.

3. Lede

Dit is met groot hartseer dat ons verneem het van die volgende telers wat ons hierdie jaar ontval het: Oom Koos Botha (ere-president), August Hattingh en Manie van Staden. 'n Voormalige president, George Terblanche, is ook oorlede. Ons dink ook aan diegene van ons telers wat familielede verloor het.

Die meeste van ons lede was hierdie jaar entoesiasties en baie aktief. Baie dankie aan elkeen van u wat vanjaar ons beeld positief uitgeleef en uitgedra het, veral van ons nuwe lede vir hul entoesiasme. Aan ons kommersiële telers baie dankie vir jul bydrae en ondersteuning tot ons bedryf. Groot waardering aan elkeen van u wat getrou waak om ons basiese genepoel suiwer te hou. Dankie aan elkeen van u wat positiewe bydrae lewer tot ons reklame veldtog. Hier moet ek ook melding maak van die positiewe houding van die Hoëveld Studiegroep onder leiding van Piet Snyman en Piet de Villiers.

3.1. Stand van lede-getalle

Die Drakensberger Beestelersgenootskap spog huidiglik met 85 stoetlede, 17 spesiale lede (gemoeid met stoetteling), 4 ere-lede en 20 kommersiële lede. Daar is tans 3 stoetlede op afwag-status.

Stoetlede aangesluit:

- Van Zyl Naude - Richmond.
- High Ridge Drakensbergers (Bruce Amstrong) - George.
- Gerrie Davel - Witbank.
- Marico Valley Drakensbergers (Basie van Loggerenberg & Willie Meintjies) - Groot Marico.
- Cumin Drakensbergers (Byron Cumin) - Syfferbult.
- EG (Graham) Esterhuizen - Belfast.
- Delram Boerdery (Henk Delport) - Bothaville en Ficksburg.

Bedankings:

- AP Janse van Rensburg.
- PS Fourie.
- Grootfontein Landbou Kollege.

Op afwag:

- F Brown - Simondium.
- Advokaat Kobus Griesel.

Spesiale lede aangesluit:

- Willem Retief - Hanover.
- Jean van der Merwe - Potchefstroom.

Kommersiële lede aangesluit:

- Manie van Staden - Dullstroom.
- Van Tonder Boerdery - Lindley.
- Daan Grobler - Gerdau.
- Kobus Eicker - Vryheid.

Bedankings:

- FAG (Fernando) de Almeida.

Op afwag:

- Claude Bently – Secunda.

Ons glo en vertrou dat die nuwe lede 'n besondere bydrae tot die bevordering van die ras sal lewer en dat hulle ook aktief betrokke sal wees.

Tabel 1: Stand van Lede

	2006	2007	2008	2009	2010	2011	Toe-/afname
Stoet lede	79	73	72	80	82	85	+3
Spesiale lede*	26	32	31	16	16	18	+2
Kommersiële lede				14	17	20	+3

** Kommersiële lede ingesluit tot 2008.*

3.2. Prestasies van lede

'n Woord van gelukwensing aan die volgende lede met hul prestasies:

- Roy Ferguson : Farmers Weekly Koei.
- Gawie Roux : Spesiale Prestasietoetsklas Bul tydens die Lenteskou te Pretoria.
- Neuman Broers : Rekordprys bul van R107 500.00 aan Johan Botha van Standerton.
- Edwin Schroeder : Wenner van KwaZulu-Natal se LNR-Vleisbeesverbeteringskudde van die jaar

Van ons lede het hulle as volg op leiersgebied onderskei:

- Carel Nel : President van SA Stamboek en Nasionale Advieskomitee.
- Gawie Roux : Voorsitter Vrystaat Advieskomitee en Ondervoorsitter van Nasionale Advieskomitee.
- Magiel Blom : Irene Advieskomitee.
- SP Fourie : Noordwes Advieskomitee en Noordwes RPO.
- Johan Buys : KwaZulu-Natal Advieskomitee.
- Piet Snyman : Voorsitter Hoëveld Studiegroep.

Die volgende lede het as finaliste t.o.v. die LNR-Vleisbeesverbeteringskudde van die jaar gekwalifiseer:

Tabel 2: LNR Vleisbeesverbeteringskudde van die Jaar Finaliste.

PROVINSIE	NAAM	DORP	KATEGORIE
KwaZulu-Natal	Schroeder E M	Dundee	Provinsiale Wenner
	Buys J	Mooi Rivier	Provinsiale Finalis
Mpumalanga	Blom M C	Witbank	Provinsiale Finalis
	Buffalo Valley Farms - John Roos	Carolina	Provinsiale Finalis
	Eli & Shirley van der Merwe	Pelgrimsrus	Provinsiale Finalis
Noord-Wes	Van Staden H J	Magaliesburg	Provinsiale Finalis
Vrystaat	Foster L A	Zastron	Provinsiale Finalis
	Nel C H	Brandfort	Provinsiale Finalis
	Rautenbach J A	Lindley	Provinsiale Finalis
	Roux G W	Ventersburg	Provinsiale Finalis

3.3. Klubs

Ek doen graag 'n beroep op lede wat nie aan 'n klub behoort nie, om in te skakel en betrokke te raak. Klub aktiwiteite gaan nie net om veilings nie, maar ook bemarking, inligtingsdae en aktiwiteite in 'n betrokke gebied. Ek wil graag langs hierdie weg my waardering uitspreek teenoor die klubs wat aktief betrokke is.

4. Raad en dagbestuur

Baie dankie aan die Raadslede wat die vergaderings so getrou bygewoon het en met groot ywer vir die saak gewerk het. Edwin Schroeder is as raadslid verkies en Willie Landman is gekoöpteer weens sy kundigheid t.o.v. bemarking en inligtingstegnologie.
Sake wat deur die jaar spesifiek aandag geverg het was reklame, finansies, keurings, skoue, voerkraal aangeleenthede, Landbouweekblad, Veeplaas, nuusbriewe, stamboek- en data aangeleenthede, nuwe bedryfsplan soos deur SA Stamboek voorgestel, administratiewe aangeleenthede, korrespondensie en ledebelange.

Die volgende vergaderings het gedurende die jaar plaasgevind:

- Keurdersvergadering - 1
- Raadsvergaderings - 5
- Dagbestuur - 4 as telekoms & heelwat telefoniese samesprekings.
- Reklamekomitee - heelwat samesprekings en eposse.
- Tegniese komitee - 1

Die dagbestuurvergaderings word as telekoms gehou. Dit spaar ons baie tyd op die pad en is meer koste-doeltreffend.

4.1. SA Stamboek Bedryfsplan

Die bedryfsplan wat deur SA Stamboek opgestel is ná byna 2 jaar se ondersoek en onderhandelings met die betrokke partye, is deur die bedryf self aanvaar. Daar was 2 vergaderings in Bloemfontein met die lede van Stamboek, wat bygewoon is deur Magiel Blom en Johann Fourie. Die opsies is aan al die lede gesirkuleer, en geen besware is ontvang nie. Carel Nel kan gekontak word vir meer inligting in hierdie verband.

4.2. Finansiële komitee

Dankie aan Johann, Rodney en Reinier vir jul bydrae. 'n Spesiale woord van dank aan Stienie vir die bestuur van ons finansies, en aan mnr. J. Vos vir sy bedrae en raad. Te danke aan elkeen wat getrou sy verpligtinge nagekom het, is ons bestuur in die kantoor soveel makliker.

4.3. Reklamekomitee

Johann Fourie het weer eens uitstaande diens aan hierdie komitee verleen. Dankie vir jou aandeel vanjaar. Hier is te min ruimte om alles wat jy gedoen het te noem.

Sake en aksies geloods:

- Webwerf: Johann Fourie, Willie Landman & Jean van der Merwe.
- Biljette: 1 nuwe biljet het verskyn - Johann Fourie.
- Advertensies: Verskyn in Landbouweekblad (2), Farmers Weekly, Studbreeder, RPO, Veeplaas en verskeie streekspublikasies.
- Artikels: Verskyn in Landbouweekblad, Farmers Weekly, Veeplaas en verskeie streekspublikasies .
- Nuusbriewe: Twee nuusbriewe het verskyn. Dankie aan me. Stienie Steenkamp en medewerkers vir uitstaande werk gedoen. Ons het baie positiewe kommentaar ontvang t.o.v. beide nuusbriewe. Dankie aan al die adverteerders wat hierdie nuusbriewe moontlik maak.
- Nampo: Dankie aan Fanie van Dyk, Piet de Villiers, Johann Fourie, SP Fourie, Johan van Tonder, Johan van Staden, Jean van der Merwe en Willie Landman, ook vir die pragtige beeste en NWDK vir die voorberei van die stalletjie.
- Skoue: Ermelo (Jeugskou), Vryburg, Bultfontein, George en Moorreesburg. Dankie aan die deelnemers, Petrus Taljaard (Jeugskou), Carel Nel, Fanie van Dyk, Frannie du Toit en John van Vuuren van High Ridge Drakensbergers. Julle het 'n baie positiewe beeld van ons ras uitgedra met julle pragtige diere. Dankie ook aan die beoordelaars. Dankie aan Peet van Vuuren wat ons skouverteenwoordiger is vir Lenteskou (Pretoria), Jannie Jacobsz by Ermelo

skou, Lourens Koch by die Jeugskou, Reinier van Rensburg by Wilge Makiti en Piet de Villiers vir sy betrokkenheid by Standerton Skou.

- Uitstallings: Chrissiesmeer - John Roos, Wilge Makiti - Reinier van Rensburg, Nelspruit Skou - John Joubert, Sandspruit - Johan Uys, Standerton Skou - Piet de Villiers, Val boerdag - Rodney Neuman en Piet Snyman en Ermelo Alleras Veiling - Jannie Jacobsz en verkopers. Dankie ook vir die diere wat u beskikbaar gestel het.
- Opleidingsdae: Morgenzon Landbou Akademie - Piet de Villiers, Grootfontein – Johannes Retief, Grant Naude en Piet de Villiers.
- Inligtingsdae: SHDK - Vrede, Hoëveld Studiegroep Morgenzon - Piet de Villiers en Piet Snyman, KwaZulu-Natal Klub - Mooirivier, Grootfontein - Karooklub en Fanie van Dyk. Lede se inligtingsdae: BSB, Rodney Neuman en 6+ telers. Toere is ook onderneem deur Noordwes en 6+ .
- Advertensieborde: Borde is reeds langs verskeie paaie opgerig. Dit verhoog ons sigbaarheid. Dankie aan lede wat borde teen eie koste opgerig het.
- Advertensiemateriaal: Dankie aan die lede wat op hierdie manier ons ras promoveer. Ons het vanjaar advertensiemateriaal aan Gerhard Maritz van Namibia en High Ridge Drakensbergers van George voorsien.
- Naamborde: Die naamborde wat reeds opgerig is vertoon baie goed en verhoog ons sigbaarheid. U kan navrae aan die kantoor rig vir die naamborde.
- Australië: Dave Eden het 'n studiegroep daar toegespreek rakende die Drakensberger.
- Aksies in wording: Gedenkjoernaal is steeds in proses en daar sal gepoog word om dit volgende jaar met ons 65- jarige herdenking uit te reik.

4.4. Tegniese komitee

Baie aandag is gegee aan me. Mia Niemand en haar navorsing rakende voerkraalsiektes.

Handleiding vir lede is voltooi. Dank aan Johann Fourie, Reinier van Rensburg, Carel Nel, Leslie Bergh (LNR) en Herman Labuschagne (Stamboek). Willie Landman verdien spesiale vermelding vir sy insette, afwerking en die vertaling van die Handleiding in Engels.

4.5. Streeksindeling

Dankie aan die Raadslede wat aktief betrokke is in hul streke.

5. Keurders en keurings

Keurders opleiding te Volksrust. Dankie aan Stienie, Johan en Pikkie Uys vir jul reëlings. Ek moet ook die dames uitsonder vir hul heerlike verversings.

Tabel 3: Keuringstoere.

DIERE	2008			2009			2010			2011		
	SIEN	KEUR	%	SIEN	KEUR	%	SIEN	KEUR	%	SIEN	KEUR	%
Bulle	466	313	*67*	537	299	*56*	591	392	*66*	595	382	*64*
Verse	1069	832	*77*	1364	1137	*83*	1364	1036	*76*	1311	954	*72.8*
Hulp A	521	439	*55*	439	263	*60*	182	123	*68*	353	251	*71.1*

Totale kilometers gereis op keuringstoere: 16,500km @ R3.00 per km = R49,500.00.
(Namibië & Australië toere nie ingereken nie).

Fase C, D en Spesiale keurings: 603 diere gesien, 461 goedgekeur.

Dave Eden het 'n keuring in Australië gedoen en Carel Nel in Namibië.

Tabel 4: Spesiale Keurings.

TELER	DATUM	TIPE	GEKEUR		1STE	KEURDERS
			M	V		
V Bohmer	23/9/10	Spes	27/35			Johan Uys &
PWB Uys	12/10/10	Spes	25/37		2	W Watermeyer & Piet de Villiers
E Schroeder	27/10/10	D	26/39			Piet de Villiers & Petrus Taljaard
Neuman Broers	27/10/10	Spes	79/84			Johan Uys & L Botha
L A Neuman	27/10/10	Spes	24/33			Johan Uys & L Botha
J P Botha	27/10/10	Spes	21/34			Johan Uys & R Neuman
G Roux	17/11/10	C	8/12			R v Rensburg & Johan Rautenbach
Bloubosput	12/12/10	D	15/21			Piet de Villiers
Van Zyl Naude	23/9/10	1ste			5/11	J Retief & G Naude
Jan Dhooge	06/12/10	D	10/19			R van Rensburg & John Roos
Meulstroom	05/01/11	Spes		27/30		Dave Eden
Carel Nel	10/3/11	C	4/4			F van Dyk & Piet de Villiers
Gary Murphy	27/8/10	1ste			107	John Roos & Jim Roos
G Maritz	16/6/11	Spes	??	??		Carel Nel
Gawie Roux	21/7/2011	C	??	??		John Roos & Jim Roos
Willie Landman	25/7/11	D	8/10		8	Johann Fourie
Carel Nel	13/8/11	C	1/1			Fanie van Dyk
Cumin Drakensbergers	03/8/11	1ste			19	John Roos
SP Fourie	15/8/11	C	2/2			Johann Fourie
Fanus Coetzee	17/9/2010	D	8/12			R v Rensburg & J Rautenbach

Dankie aan elkeen van wat u wat bereid was vir die opofferings, soms op baie kort kennisgewing. Ons versoek u om ten minste 14 dae voor die beplande keuringsdatum skriftelik aansoek te doen by die kantoor.

6. Veekundiges en veeartse

Dr. Hannes Dreyer, prof. Frikkie Neser, prof. Lourens Erasmus en Danie Bosmasn was positief betrokke by ons ras. Dank aan hul, dit word opreg waardeer. Ons sal meer veekundiges betrokke moet kry.

7. Veilingsresultate

Tabel 5: Veilingresultate.

DIERE	2008	2008	2010	2011	HOOGSTE PRYS
Bulle	R21 214	R21 228	R22,258 (373/487-76.6%	R25,615 (440/473) 93%	R107,500 Neuman Broers
Dragtige koeie	R8 800	R9 131	R10,017 (122/122) 100%	R10,628 (94/99) 95%	R23,000 BV Farms
Dragtige verse	R7 400	R8338	R8,381 (21/21) 100%	R11,120 (27/27 100%	R19,000 BV Farms

Daar is ook kommersiële verse verkoop teen gemiddeld R14,100 oor 100 verse en hoogste prys van R16,000 vir groep van 10 verse (Neuman Broers).

8. Beskermhere en beoordelaars 2010/2011

Tabel 6: Beskermhere en beoordelaars 2010/2011.

VEILING	DATUM	BESKERMHEER	BESKERMHEER
Vryheid	25 September 2010	Pikkie Uys	Willie Watermeyer
SHDK Vrede	8 Oktober 2010	Reinier van Rensburg	Lourens Koch
BSB Veiling	06 Mei 2011	Pikkie Uys	Willie Watermeyer
Buffalo Valley Veiling	25 Mei 2011	Jannie Jacobsz	Petrus Taljaard
Noord Wes	06 Junie 2011	Carel Nel	Fanie van Dyk
Vryheid	06 Julie 2011	Johan Uys	Willie Watermeyer
Middelburg Mpumalanga	12 Juie 2011	Jannie Jacobsz	
Rouvus	22 Julie 2011	John Roos	Jim Roos
Kuruman	25 Julie 2011	Johann Fourie	
Ermelo Alle Ras	27 Julie 2011	Jannie Jacobsz	
Karoo DBK	28 Julie 2011	Fanie van Dyk	
Neuman Broers	4 Augustus 2011	Willie Watermeyer	Louis Botha
Vrystaat DBK Frankfort	10 Augustus 2011	Jim Roos	Kobus Davel
Calela	13 Augustus 2011	Jan Dhooge	Piet de Villiers
Davel & Bracher	16 Augustus 2011	John Roos	Piet de Villiers
Namibia	18 Augustus 2011	Carel Nel	
Greylingstad	30 Augustus 2011	Piet de Villiers	
6+ Telers	6 Septenber 2011	Johannes Retief	Grant Naude
Vryburg	8 Septenber 2011	Johann Fourie	
Rouxville	13 September 2011	Johannes Retief	Grant Naude
OTDK Ermelo	14 September 2011	Reinier van Rensburg	Louis Botha
SHDK Vrede	22 September 2011	Johan Uys	Rodney Neuman
Vryburg	17 November 2011	Johann Fourie	

Dankie aan al die Beskermhere op veilings. U bydrae word opreg deur die Raad waardeer.

9. Veedata en prestasies

9.1. Veegetalle

Tabel 7: Veegetalle.

DIERE	2009	2010	2011	TOE/AFNAME
Manlik	3,483	3,546	3,713	+167
Vroulik	9,396	9,471	9,863	+392
Geboortes	4,454	3,584	4,541	+957

Daar is heelwat "laat geboorte inskrywings" wat addisionele koste vir die teler beteken. Daar is ook aktiewe kuddes wat nie kalwers inskryf nie en dit benadeel ons getalle.

9.2. Verspreiding van vee

Tabel 8: Verspreiding van vee.

STREEK	2010	%	2011	%
Mpumalanga	3,883	29.8%	4,050	29.8%
Vrystaat	4,140	31.8%	4,521	33.3%
KwaZulu Natal	1,650	12.7%	1,615	11.9%
Noordwes	1,311	10.1%	1,163	8.6%
Karoo	911	7%	1,013	7.5%
Gauteng	925	7.1%	927	6.8%
Oos-/Weskaap			112	0.8%
Namibië	79	0.6%	121	0.9%
Australië	118	0.9%	52	0.4%
TOTAAL	**13,017**	**100%**	**13,574**	**100%**

9.3. Vergelykende syfers

Tabel 9: Aantal koeie (vergelykende syfers).

AANTAL KOEIE	2010		2011	
	Aantal	%	Aantal	%
100 + koeie	17	*23.6*	18	*24.3*
50 – 99 koeie	25	*34.7*	23	*31.1*
10 – 49 koeie	20	*27.8*	24	*32.4*
1-9 koeie	7	*9.7*	7	*9.5*
Geen koeie	3	*4.2*	2	*2.7*

Tabel 10: TKP (vergelykende syfers).

TKP 25 + KOEIE	2010		2011	
	Aantal	%	Aantal	%
Onder 400 dae	15	*22.4*	18	*25*
400 – 450 dae	26	*38.3*	27	*37.5*
451 – 500 dae	9	*13.4*	10	*13.9*
Bo 500 dae	2	*3*	5	*6.9*
Bo 600 dae	1	*1.4*	1	*1.4*
Onaktief tov TKP	5	*7.5*	11	*15.3*

Dankie aan almal wat 'n daadwerklike poging aangewend het om u kudde se TKP te verbeter, met gevolg ook die invloed op die ras se TKP. Daar is egter nog baie ruimte vir verbetering. Daadwerklike aksie is nodig om aandag te gee aan hierdie probleem.

9.4. Reproduksie statistieke

Volgens die opsommende reproduksie statistieke van 1 Julie 2011:

Tabel 11: Kuddes met TKP van 400 dae en onder.

NAAM	AANTAL KOEIE	TKP
E M Schroeder	43	371
J A Rautenbach	83	372
J G Ehlers	42	373
Meulstroom	12	376
J Buys	146	377
C F Lourens	2	377
S P Fourie	15	382
M C Blom	24	384
G J Davel	16	384
Van Dyk Broers	82	387
Black Hills Drakensbergers	18	388
Bezuidenhout Broers	62	390
Morgenzon Landbou	23	390
G W Roux	92	394
C H Nel	71	398
Neuman Broers	174	400
T Niemand	40	400
Motswere Drakensbergers	65	400

9.5. Toekennings (algemeen)

- AS VAN NIEKERK TROFEE VIR KUDDE 35 – 99 KOEIE:
  E M Schroeder (371 dae oor 43 koeie).
- EMBEE TROFEE VIR KUDDES BO 100 KOEIE:
  Johan Buys (377 dae oor 146 koeie).
- PFIZER WISSEL TROFEE (bul met die beste voeromset verhouding (VOV)):
  Jannie Jacobsz (JJ090100 - VOV 3.60 (132)).
- VOERMOL SKILD (vir die meeste punte op skoue):
  Fanie van Dyk.
- A.E.C.I. TROFEE (kudde wat die beste vordering getoon het die afgelope jaar):
  Neuman Broers.
- EPPIE NEL TROFEE (persoon wat die meeste vir rasbevordering gedoen het die afgelope jaar):
  Johann Fourie.
  Ander genomineerdes: Black Hills Drakensbergers en die Dagbestuur.

9.6. Preferentskaptoekennings 2010

Baie geluk aan ons lede wat hierdie prestasie opgelewer het.

Tabel 12: Preferentskaptoekennings 2010.

NAAM	PREF A	B	C	TOTAAL
Neuman Broers	17	1	2	20
Neusberg Drakensbergers	5	3	4	12
EM Schroeder	4	3	4	11
GW Roux	8	1	2	11
LA Neuman	8	1	2	11
Dr Johann Fourie	7	1	2	10
PWB Uys & Seuns	6	1	1	8
JS Van Dyk	7		1	8
Jacobsz Familie Trust	5	1		6
JJ Retief	3		2	5
JA Rautenbach	3	1	1	5
Bezuidenhout Broers	3	1	1	5
Me LA Foster	2	2	1	5
CH Nel	4			4
AW Hattingh	4			4
JPJ van Vuuren	4			4
Otjiwa Boerdery	3		1	4
Dr. HAS Schutte	2	2		4
RV Ferguson	2	1	1	4
JP Botha	3			3
JS Davel	3			3
RJ Van Rensburg & Seun	3			3
Ds. SF Coetzee	3			3
MC Blom	2		1	3
SG Maritz	1	1	1	3
Bell Morgan Ranch CC	2			2
Bosch Valley Boerdery	2			2
JG Ehlers	1	1		2
ELJ van der Merwe	1			1
M de Villiers	1			1
JH Potgieter	1			1
PJ Greyling	1			1
MR Bracher	1			1
Crous Boerdery	1			1
J & E Dhooge	1			1
SP Fourie	1			1
VJ Roos	1			1
Black Hills Drakensbergers	1			1
TJ van der Walt			1	1
DF du Toit			1	1
JM van der Merwe			1	1
Motswere Drakensbergers			1	1
TOTAAL	**126 (70.4%)**	**21 (11.7%)**	**32 (17.9%)**	**179**

9.7. Beste Produserende Koeie 2011

Tabel 13: Beste Produserende Koeie 2011.

TELER	Elite	Superior	Voortreflik	Totaal
EM Schroeder	10	1	4	15
JA Rautenbach	2	2	4	8
Dr. J Fourie	4		3	7
LA Neuman	3	4		7
GW Roux	3	2	2	7
Dr. HAS Schutte	4			4
RJ van Rensburg & Seun	3	1		4
AW Hattingh	1	2	1	4
Neusberg Drakensbergers	1	2	1	4
Otjiwa Boerdery	2		1	3
MC Blom	1	2		3
Neuman Broers	1	1	1	3
PWB Uys	1		2	3
Me. LA Foster		1	2	3
JP Botha	2			2
RV Ferguson	2			2
JS van Dyk	2			2
Bell Morgan Ranch CC	2			2
JPJ van Vuuren	2			2
J & E Dhooge	2			2
SP Fourie	2			2
Ds. SF Coetzee	2			2
CH Nel	1		1	2
JH Potgieter	1		1	2
PJ Greyling	1			1
Jacobsz Familie Trust	1			1
ELJ van der Merwe		1		1
JG Ehlers		1		1
VJ Roos		1		1
Motswere Drakensbergers		1		1
TJ van der Walt			1	1
DF du Toit			1	1
Bosch Valley Farms			1	1
Totaal	**56 (53.3)**	**22 (21)**	**27 (25.7)**	**105**

10. LNR Jaarverslag (2010)

Statistieke soos op 01 April 2011:

- Kuddes in skema - 76
- Vroulike diere bo 24 maande - 7,536
- Kudde deelnemers aan skema - 100% teenoor 55.2% van alle rasse.
- Bulle Fase C getoets - 45 (4.3% van alle bulle getoets 2010).
- Bulle Fase D getoets - 426 (5.2% van alle bulle getoets 2010).

Tabel 14: LNR Jaarverslag statistieke (April 2011).

	2007	**2008**	**2009**	**2010**
Geboortemassa (kg)	35.7	34.6	34.9	34.4
205 dae massa (kg)	207	204	208	211
12 maande massa (kg)	229	231	252	237
18 maande massa (kg)	317	310	330	329
Koei massa met geboorte (g)	477	462	459	465
Geboorte massa verhouding	7.6	7.6	7.7	7.24
Koei massa met speen (kg)	513	499	498	491
Koei/kalf verhouding (speen)	41.3	43.3	43.8	45.2
Ouderdom 1ste kalwing (maande)	34.6	33.8	33.8	34.6
Gemiddelde TKP (dae) ***2011-07-01***	429	429	430	432
TKP laaste 2 kalwings (dae)	422	436	432	432
FASE C				
Finale massa (kg)	457	453	410	420
Ouderdom (dae)	323	322	318	320
Gemiddelde Daaglikse Toename (GDT)	1723	1735	1498	1736
Voeromset verhouding (VOV)	5.79	5.66	5.98	5.68
Skrotum omvang	341	324	335	346

As ons kyk na die aantal bulle wat Fase D & C getoets word is daar werklik ruimte vir verbetering. Ek doen 'n beroep op elkeen wat nog nie Fase D en/of C doen nie om betrokke te raak. Daar is verskeie opsies t.o.v. Fase D wat u kan oorweeg om sodoende ons teelwaardes meer akkuraat te maak.

Ons roem daarop dat ons die eerste ras was wat verpligte prestasietoetsing gedoen het en gevolglik ook die eerste volledige BLUP analise ontvang het. Ek merk egter dat daar verskeie lede is wat net die nodige doen om hul diere gekeur te kry. Hier is groot ruimte vir verbetering.

Die keurders sal ook in die toekoms meer streng moet wees waar daar indekse ontbreek tydens keuring. Dit skep 'n swak beeld waar diere se inligting in 'n katalogus ontbreek.

11. Bedankings

Eerstens dank aan my Hemelse Vader vir al Sy seëninge en bewarende hand.

Dankie aan elke lid vir die ondersteuning, hulp en bemoediging ook vir u telefoniese kontak en e-posse. Spesiale dank aan Johann Fourie, Rodney Neuman, Reinier van Rensburg en Carel Nel vir wat julle vir my en die Genootskap beteken het. Dankie aan die ere-presidente, Pierre Uys en John Roos, julle was altyd daar vir ondersteuning en raad. Dankie aan die Raadslede vir julle opofferings, deelname en teenwoordigheid op ons vergaderings.
Aan Stienie Steenkamp: met jou aan die stuur in die kantoor is dit net 'n plesier - en al die ekstra take wat jy verrig word baie waardeer. Woorde kan jou nie bedank nie, jy is veel meer as dit werd.

Aan ons Keurders baie dankie vir jul opofferings as keurders, beskermhere en beoordelaars, dit is te danke aan julle dat ons ras so vorder. Dankie aan Piet de Villiers, Jan Dhooge en Fanie van Dyk vir al die ekstra take. Ek moet ook Johannes Retief bedank vir sy bydrae daar in die Karoo. Dankie aan Carel Nel en Reinier van Rensburg as Stamboek verteenwoordigers. Dankie aan Wilanna Coetzer en die ander Stamboek personeel, Leslie Bergh as Departementele Verteenwoordiger van LNR, asook ander LNR personeel betrokke, vir jul bydrae en insette deur die jaar.

'n Spesiale woord van dank aan die bestuur van SA Stamboek, onder leiding van die president, Carel Nel en Dr Pierre van Rooyen, met die ondersoek en opstel van die bedryfsplan. Min van ons besef werklik die omvang van die groot maar noodsaaklike taak wat jul verrig. Dan praat ons nie eers van die koste verbonde aan die ondersoek, vergaderings, reise en geduld nie. Dit word hoog op prys gestel deur die Drakensberger Beestelersgenootskap. Sterkte met die verdere onderhandelings en die uitvoer van hierdie plan.

Aan al die Drakensberger vrouens, dankie vir jul ondersteuning en regstaan vir die manne. Spesiaal aan Linda vir jou ondersteuning en opofferings hierdie jaar.

Dit was voorwaar 'n voorreg om u die afgelope 3 jaar te lei.

Magiel Blom
PRESIDENT: DRAKENSBERGER BEESTELERSGENOOTSKAP
Oktober 2011

Drakensberger Beestelersgenootskap van Suid-Afrika

Die Drakensberger is 'n medium raamwerk bees met 'n gladde swart haarkleed, 'n opmerklike lang en diep lyf met 'n rustige temperament en is een van slegs drie inheemse beesrasse van Suid-Afrika. Die ras is hier geteel en ontwikkel deur natuurlike en wetenskaplike seleksie, met die gevolg dat die Drakensberger 'n voordeel geniet bo ander rasse in terme van aanpasbaarheid, gehardheid en natuurlike weerstand teen bosluise en bosluis-oordraagbare siektes.

Inligting van die Landbounavorsingsraad se Instituut vir Diereproduksie toon dat Drakensberger-koeie onder alle beesrasse in Suid-Afrika die laagste voorkoms toon van siektes en kalf mortaliteit. Opsigself beteken dit moeitevrye bestuur, veral waar ekstensiewe weidingspraktyke toegepas word.

Die doel van hierdie handleiding is om stoettelers en kommersiële boere toe te rus met die nodige kennis van die Drakensberger beesras asook om die werking van die telersgenootskap uiteen te sit. Die vereistes van lidmaatskap word hierin vervat en 'n basiese bestuursprogram word ingesluit.

Toeligting van die keuringstelsel en die standaard van voortreflikheid, berekende teelwaardes ("EBV") ten opsigte van die Drakensberger asook die LNR Nasionale Vleisbeesaantekening en -verbeteringskema geniet aandag, terwyl telers ook meer wys word oor SA Stamboek en die gebruik van sagteware-toepassings soos INTERGIS, LOGIX, BeefPro en StoetMeester.

Kontak die Drakensberger Beestelersgenootskap van Suid-Afrika:

Die Drakensberger Beestelersgenootskap van Suid-Afrika
Posbus 273, Volksrust, 2470

Tel: (017) 735 5056/8
Fax: (086) 583 0825
E-pos : info@drakensbergercbs.co.za .

www.drakensbergers.co.za